

Gereformeerde Kerk Bellville – 24 September 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:13, 14 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 143:1, 2 (p. 688)

- 1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smee tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.

- 2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

Gebed

Skrifberyming 15-3:1, 2, 3, 4 (Sb 39)

- 1 Dit sê die Eerste^{en} Laaste, Hy / wat dood was maar nie dood kon bly:
Ek ken jou werke^{en} lydenslot, / jou armoed, maar jy's ryk in God.

- 2 Ek hoor die lastering en roem / van wie hulself Gods Bondsvolk noem,
maar wat die krag en wese mis / en Satans sinagoge is.

- 3 Wees nie bevrees as jul moet ly; / die duiwel self sal jul bestry.
Jul mart'laarskap is kort van duur: / jul lyde^{is} Gods beproewingsvuur.

- 4 Laat wie volhard in stryd en nood, / getrou wees maar tot in die dood.
En 'k gee hul as genadeloon / die onverwelkb're lewenskroon.

Skriflesing: Daniël 11:1-27; Matteus 24:1-14

Kernverse: Daniël 11:21; Matteus 24:13

Daarna sal 'n veragtelike in sy plek optree op wie geen koninklike waardigheid gelê was nie, maar hy sal onverwags kom en met liste die koninkryk bemagtig. (Daniël 11:21 AFR53)

Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
(Matteus 24:13 AFR53)

Tema: Gelowig wees in die tydperk voor die Antichris se koms

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, onlangse gebeure soos die Noord-Koreaanse afskiet van missiele oor Japan en die ontploffing van 'n kragtige waterstofbom veroorsaak dat gelowiges baie gou die vraag vra: Is hierdie dinge die begin van die einde? Lui hierdie gebeure die wederkoms van Christus in? Die oorloë en gerugte van oorloë, die aardbewings en ander natuurrampe laat gelowiges onvermydelik dink aan die woorde van Jesus in sy Profetiese Rede.

Gelowiges maak nie 'n fout om hierdie vrae te vra nie. Die dissipels het immers vir Jesus gevra wanneer die tempelgeboue afgebreek sal word sodat nie een klip op die ander bly lê nie, soos wat Jesus gesê het. Die dissipels het verder gevra wat die teken is van Christus se wederkoms en van die voleinding van die wêreld. Daarom sê gelowiges graag dat hierdie oorloë en gerugte van oorloë en die aardbewings tekens van die tye is.

Maar let fyn op na Jesus se antwoord aan sy dissipels. In verband met die oorloë en gerugte van oorloë, sowel as die koninkryke wat teen mekaar sal opstaan en die hongersnode en pessiëktes en aardbewings sê Jesus baie duidelik:

Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

(Matteus 24:6b, 8 AFR53)

Uit hierdie woorde van Jesus moet die afleiding nie gemaak word dat Jesus se wederkoms na 'n eindelose verre toekoms verskuif word nie. In die vervolg op die Profetiese Rede maak Jesus dit ook duidelik dat die mense wat nie voorbereid is op sy wederkoms nie daardeur verras sal word. Vir hulle sal die wederkoms van Jesus so skielik en onverwags wees soos 'n dief in die nag.

Jesus se woorde beteken wel dat ons by wyse van spreke nie die wederkoms môre of volgende week al moet verwag nie. Daar moet nog baie gebeur. Paulus herinner die gemeente in Tessalonika uitdruklik daaraan dat die dag van die Here nie sal aanbreek voordat die mens van sonde – dit is die seun van die verderf – sy verskyning gemaak het nie (2 Tess 2:3). Hiermee bedoel Paulus: voordat Jesus kom om in geregtigheid op die nuwe aarde te heers, sal die kerk van die Here nog eers sug onder die terreur van die seun van die verderf – dit is hoe hy die Antichris noem.

Broers, susters en kinders, hierdie naam – Antichris – is vir ons nie onbekend nie. By twee vorige visioene wat Daniël gehad het, het die Here al hierdie veragtelike mens aan ons voorgestel. In die visioen van Daniël 7 het Daniël 'n vierde dier gesien wat hy nie eers behoorlik kon beskryf nie – so afskuwelik lyk die dier. Die dier het tien horings gehad wat tien konings voorstel. Toe het daar na hierdie tien konings een gekom wat drie ander konings onderwerp het en hy het teen die allerhoogste God gelaster en die heiliges van die Allerhoogste vervolgd (Dan 7:24-25).

Die tweede keer waar ons hierdie veragtelike mens teëgekrom het was in die visioen van Daniël 8. In daardie visioen het Daniël meer detail gekry. Uit een van die vier ryke wat uit die Griekse koninkryk ontstaan het sal hierdie veragtelike mens sy verskyning maak. In daardie geskiedenis het ons verneem dat hy in die loop van die geskiedenis 'n naam het. Sy naam is Antiochus Epifanes en hy sal verskriklike dinge met die volk van Daniël aan-vang en verskriklike dinge in die tempel in Jerusalem doen. Hierdie Antiochus Epifanes het in die tweede eeu voor Christus in Sirië geheers as koning. Hy is die Ou Testamentiese Antichris.

In sy naam hoor ons dat die Antichris presies die teenbeeld van Christus ons Verlosser is. Jesus Christus is die Seun van die lewende God, terwyl die Antichris die seun van die verderf is. Christus het na hierdie wêreld gekom om hulle wat die Vader aan Hom gegee het te behou terwyl die Antichris sy verskyning sal maak om die wêreld slegter te maak en 'n menigte saam met hom in die ewige verderf in te sleep.

In die Ou Testament lees ons dikwels van 'n gelowige uit wie se optrede of geaardheid ons al iets van Christus leer ken. Ons noem so 'n gelowige 'n tipe van Christus. Maar die heerlijkheid van Christus is so oorweldigend groot dat nie net een gelowige die volheid van sy heerlijkheid in die Ou Testament kon weerspieël nie. Die Heilige Gees het verskeie gelowiges hiervoor gebruik – mense soos Melgisedek, Josef, Simson, Dawid, Salomo en nog verskeie andere. Maar steeds is al hierdie gelowiges saam nog maar net 'n dowwe weerspieëling van Christus se heerlijkheid.

Die Antichris kan egter uit een tipe – een voorloper – voldoende leer ken word. Dit is die Griekse koning Antiochus Epifanes, die groot vyand van Daniël se volk en die hater van diens aan die lewende God. Hy het ongeveer honderd en sestig jaar voor Christus geleef en geregeer. In hierdie elfde hoofstuk word hy lewensgroot deur die engel geteken vir Daniël. Die lewensgroot tekening van die Antichris wat die Heilige Gees hier gee, vertel van sy opkoms, sy optrede en sy uiteindelijke einde. Hierdie portret van die Antichris is so duidelik geteken en deur die Heilige Gees behoue laat bly sodat die kerk hom direk sal herken wanneer hy sy verskyning aan die einde van dae maak. Die tekening van die Antichris begin in vers 21 van Daniël 11.

Daarna sal 'n veragtelike in sy plek optree op wie geen koninklike waardigheid gelê was nie, maar hy sal onverwags kom en met liste die koninkryk bemagtig.
(Daniël 11:21 AFR53)

In die eerste twintig verse van die hoofstuk openbaar die Here hoe die aarde voorberei word vir die koms van die Antichris. Dit is by hierdie voorgeskiedenis van die Antichris waar ons vanoggend eers wil stilstaan. In die portret wat die Heilige Gees voorhou, wys Hy hoe dit gebeur het dat Antiochus Epifanes so onverwags op die toneel verskyn het om sy terreur teen God en die heiliges van God uit te voer.

Geliefdes, 'n mens het moeite om deur hierdie voorgeskiedenis van die gewelddoer 'n verstaanbare lyn raak te sien wanneer 'n mens dit vir die eerste keer deurlees. Uit hierdie verwarrende gebeure kan mens tog een duidelike lyn raaksien – dit is die opkoms, glorie en vernietiging van die een menslike koninkryk na die ander. Luister 'n mens aandagtig en onthou jy wat Daniël in die vorige visioene gesien het, herken 'n mens tog die koninkryke.

Die engel vertel vir Daniël uit die boek van die waarheid dat daar nog drie Persiese konings sal regeer. Dan kom daar 'n vierde een – uit die geskiedenis blyk dit Xerxes te wees – wat met 'n massiewe leër sal opruk om teen die Griekse koninkryk te veg. Maar 'n dapper

koning – Aleksander die Grote – sal hom stormloop en vernietig. Hierdie dapper koning se mag sal skaars gevestig wees dan word sy koninkryk opgebreek in die vier windstreke.

Van vers 5 af word daar nou telkens vertel van die koning van die suide en die koning van die noorde en hoe hulle by tye mekaar aan die keel gryp en vermorsel. En dan weer by ander geleenthede is daar pogings om met mekaar saam te werk en 'n eenheid tussen hulle twee te vestig. Hierdie konings van die suide en die noorde is die konings van Egipte en die konings van Sirië. U sal opmerk dit is suid en noord van die beloofde land en van Jerusalem. Die beloofde land lê as't ware soos 'n buffer tussen hierdie twee moëdhede.

Vir ons wat vandag lewe kan ons terugkyk deur die geskiedenis heen en ons kan name en datums koppel aan die onderskeie konings van die noorde en die suide. Dit is die voorreg om nou terug te kyk. Daniël het egter nie name en datums gehoor nie. Hy hoor net die profesie soos wat die Here dit deur sy engel aan Daniël openbaar. As ons hierdie geskiedenis moet opsom, sal ons dit nie anders kan doen as in die woorde van Jesus nie. Dit is 'n geskiedenis van bloed en tranes; van oorloë en gerugte van oorloë. So het die wêreld daar uitgesien voor die geweldenaar Antiochus Epifanes sy verskyning op die wêreldtoneel gemaak het.

Vir die mense van die een en twintigste eeu is hierdie eerste twintig verse geskiedenis. Vir die heiliges van die allerhoogste God is hierdie twintig verse vervulde profesieë. Dit is die geskiedenis van oorloë waar nasies teen mekaar opgestaan het, en van pogings om eenheid tussen nasies te vestig maar wat telkens misluk het.

Aangesien die veragtelike mens van vers 21 die voorloper is van die Antichris wat aan die einde van die dae sy verskyning gaan maak, moet 'n mens ook nou nie Daniël 11 lees met die bedoeling om die oorloë en gerugte van oorloë in die teenswoordige wêreld te probeer identifiseer nie. Dit is nie waarvoor die Heilige Gees hierdie profesie vir ons behoue laat bly het nie. Vir Daniël was dit profesieë wat vervul sou word, vir gelowiges vandag is dit vervulde profesieë – maar dit is alleenlik gedeeltelik vervulde profesieë.

Soos die voorgeskiedenis van Antiochus, die hater van diens aan die lewende God, gekenmerk word deur oorloë en gerugte van oorloë leer die Heilige Gees ons hoe lyk die tyd voor die verskyning van die Antichris. Die tyd voor die verskyning van die Antichris sal ook gekenmerk word deur oorloë en gerugte van oorloë – 'n treurspel van bloed en tranes. Voor die verskyning van die Antichris sal die wêreld kreun onder die oorlogsgedreun. Hiervoor moet die gelowiges nie skrik nie. Dit is nog net die begin van die smarte.

Die mense van die een en twintigste eeu het 'n droom. Hulle droom dat daar na al hierdie bloedvergieting deur die oorloë die mensdom uiteindelik verstandig sal word. Die mens sal kwansuis so verstandig word dat daar nie weer oorloë sal wees nie. Daniël slaan egter hierdie droom aan skerwe. Na al die oorloë en gerugte van oorloë – wanneer die wêreld vuisvoos van oorloë is – sal die veragtelik mens verskyn en die allerverskriklikste tydperk breek dan aan.

Die Antiochus Epifanes het onverwags verskyn en met slinksheid het hy die mense aan sy kant gekry. Met bedrog het hy probeer om meer en meer in die hande te kry. En toe hy nie oral sy sin gekry het, het hy sy woede op die volk van Daniël uitgehaal. Hierdie is vir ons ook geskiedenis en 'n vervulde profesie. Antiochus is egter die voorloper van die Antichris wat sal kom. Die Antichris is daardie dier uit die see waarvan Johannes in Openbaring 13 profeteer.

Daar is iets merkwaardigs in hierdie voorgeskiedenis van die Antichris. Lees 'n mens dit weer dan lyk dit asof hier net van die wêreldse geskiedenis sprake is. 'n Mens verwag tog dat die Here iets oor sy koninkryk sal bekend maak. Maar hier word niks van die volk van God opgemerk nie behalwe in vers 14. En diegene van Daniël se volk wat daar genoem word is mense wat geweld voorstaan.

Een ding moet ons baie goed onthou, die Heilige Gees is nie besig om 'n les in wêreldse geskiedenis te gee nie. Hierdie wêreldse geskiedenis is ook God se geskiedenis, want Hy beskik en bestier die ganse skepping. Hierdie oorloë en gerugte van oorloë sou nie gemeld word as dit nie met God se koninkryk in verband staan nie. Net so staan vandag se gebeure in die wêreld, sowel as die dinge wat in ons eie land aan die gebeur is, in verband met die kerk van Jesus Christus.

In Daniël hoor ons van die konings van die noorde en die suide wat telkens teen mekaar opruk. Die beloofde land lê geografies tussen hierdie konings. Die geskiedenis speel rondom en in die beloofde land af. Die kerk van Jesus Christus is nie net geografies tussen die wêreldmoondhede nie. Die kerk is die middelpunt van die wêreldgeskiedenis. Uiteindelik draai die wêreldgeskiedenis om die kerk. God gebruik die wêreldgeskiedenis in sy raadsplan ter wille van sy kerk. En wanneer God sy raadsplan afgehandel het, skryf Hy net een woord onder die wêreldgeskiedenis: Einde! Die wêreldgeskiedenis is slegs die steierwerk terwyl Christus sy kerk bou. Wanneer die bouwerk voltooi is, word die steierwerk afgetakel. Dit is nie meer nodig nie, want dit het sy doel gedien.

Die Heilige Gees benadruk die belangrikheid van die kerk. Dit is ter wille van die kerk wat die Vader aan sy Seun gegee het dat Hy die helse pyn en smart van Golgota gely het. Dit is ter wille van sy kerk wat in die ewige koninkryk God die Vader en die Seun gaan loof en prys dat die woelinge tans in die wêreld aan die gang is. Dit gaan vir God oor die opbou van sy kerk. Al word daar nie 'n woord van die volk van God gemeld in die eerste deel van Daniël 11 nie en al lees ons nie van die kerk in die oorlogsberigte van tans nie, bly dit vertroostend om deel van die kerk te wees. Die kerk is God se gebou wat Hy met stene bou wat deur die Heilige Gees lewend gemaak is in Christus. Die kerk sal uiteindelik die ewige koninkryk van God wees en alle ander koninkryke van mense sal van die aarde af verdwyn omdat hulle nie meer nodig is nie.

In die Ou Testamentiese voorgeskiedenis van die Antichris gee die Heilige Gees ook 'n vermaning aan die kerk. Die wêreldgeskiedenis wat hier opgeteken is, is ook die tyd tussen die Ou en die Nuwe Testament omstreeks die einde van die derde eeu tot in die middel van die tweede eeu voor Christus. Geestelik was hierdie 'n droewe tyd. Die stem van die profete is nie meer gehoor nie. Israel se verwagting van die Messias het verdof. Die kerk het verwêrelds.

Daarom hoor ons hier van die geskiedenis van die wêreld wat God bestier, maar die getuienis van die kerk word nie gehoor nie. Dit lyk asof die koms van die beloofde Messias so vervaag het dat die kerk van die Ou Testament nie meer met verlange daarna uitgesien het of daaroor gepraat het nie.

Geliefdes, in vergelyking met ons Skrifgedeelte leef die kerk van Christus sedert sy hemelvaart in hierdie tyd voor die koms van die Antichris. Ons is tans in die voorgeskiedenis van die Antichris. Die kerk kan nie en mag nie dieselfde fout nou maak as wat die kerk in die Ou Testamentiese tyd gemaak het nie. Die kerk mag nie stilbly oor haar Here en Verlosser nie. Jesus spoor sy kerk aan om te volhard, want die wat volhard sal gered word.

Waarmee moet daar volhard word? Volhard in die geloof. Ondanks die geskreue en gespot van die wêreld volhard die gelowiges in hulle geloof in Jesus Christus en sy lewende Woord. Die wêreld in sy sonde as gereedskap van die duiwel wil die beloftes van Christus en sy wederkoms laat vervaag in die newels van oorloë en kamma vrede. Bid dat die Heilige Gees aan elke ware gelowige die krag sal gee om te volhard in die geloof.

Maar dit gaan tog nie net oor die behoud van die kerk soos wat ons haar nou sien en ken nie. Dit gaan oor die kerk van die Here vir wie Jesus sy bloed gestort het aan die kruis. Daarom moet die kerk van nou ook volhard om die Naam van Christus te verkondig sodat die hele kerk vir wie Christus sy bloed gestort het gereed sal wees wanneer die wederkoms aanbreek. Om dus gelowig te wees in die dae voor die koms van die Antichris, gaan beslis nie rustige tye wees nie. Dit is woelige tye en nog maar die begin van die smarte. Maar in hierdie tye spoor Christus sy kerk aan om te volhard. Broers, susters en kinders, laat ons aanhou bid dat die Heilige Gees ons die krag sal gee om te volhard. En mag Hy ons voort-durend verseker van die almag van Christus wat sy kerk elke tree in hierdie wêreld-geskiedenis vergesel om haar uiteindelik beeldskoon – sonder vlek of rimpel – voor sy Vader te bring.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 15-7:4, 5 (Sb 43)

- 4 Omdat jy die Woord bewaar het / van my lyde^{en} lydsaamheid,
is Ek jou ook 'n Bewaarder / in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking / (elke mond sal dan verstom!)
oor die aarde^{en} sy bewoners / in die felste smarte kom.
- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 September 2017